Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Deon Louw
Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer
Deon.Louw@westerncape.gov.za | 021 467 2653

Lêerno.: 26/6/R
Verwysing: IMS 20230213-1334

Inrigtingsbestuur-en-beheerminuut: 0003/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Beplanningsamptenare en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Aansoeke vir die gebruik, verbruik en verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by skoolaktiwiteite in die Wes-Kaap

1. Die Hoof van die Departement (HvD) het, ingevolge artikel 45B(11) van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), die *Riglyne van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement oor die Verbruik of Verkoop van Alkoholiese Drank op Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit en die Teenwoordigheid van Leerders wanneer Alkoholiese Drank op Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit Verbruik of Verkoop word*, uitgereik.

2. Hierdie minuut dien om prinsipale en beheerliggame in te lig oor die tydige indiening van aansoeke in hierdie verband.

3. Die prinsipaal of beheerliggaam word hiermee vriendelik versoek om te verseker dat die volgende tydsraamwerke aangaande aansoeke vir die verkoop of verbruik van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit streng nagekom word:

3.1 Die prinsipaal of beheerliggaam moet verseker dat alle aansoeke die Direktoraat Inrigtingsbestuur-en-beheer by Hoofkantoor, via hul kringbestuurder en distriksdirekteur, minstens 30 dae voor die datum van die betrokke aktiwiteit, bereik.

3.2 Die distrikskantoor moet verseker dat alle aansoeke, wat die aanbevelings van die kringbestuurder en distriksdirekteur bevat, minstens 30 dae voor die aktiwiteit by die volgende amptenare van die Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer ingedien word vir oorweging deur die HvD:

Deon.Louw@westerncape.gov.za
Estelle.Davids@westerncape.gov.za en/of
Richard.Magachela@westerncape.gov.za

4. Versuim om te voldoen aan die voorwaardes soos in hierdie minuut uiteengesit, sal daartoe lei dat die Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer nie hierdie aansoeke verwerk nie.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle beheerliggame om te verseker dat alle skole daaraan voldoen.

GETEKEN: AJE MEYER
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2023-03-07